

Saterdag 30 Julie

Skrifgedeelte: Spreuke 30:24-28

Fokusgedeelte: Spreuke 30:24-28

God se wysheid vir die lewe

Deur sy werk in die skepping maak God Hom aan ons bekend wanneer ons dit duideliker in sy Woord lees (NGB Art 2). Wysheid vir die lewe deur vier diertjies wat Hy geskep het, en steeds onderhou en regeer.

Die onaansienlike miere is elke dag bedrywig. In die somer bou hulle kosvoorraad op. In Amos 8:11 sê die Here dat daar dae sal kom dat Hy 'n honger oor die aarde laat kom. 'n Honger om die woorde van die Here te hoor. Kinders van die Here is wyser as die wêreld. Hulle is elke dag bedrywig om geloofskos uit die Woord van die Here bymekaar te maak. Waardeur die Heilige Gees dit ingraveer in ons harte, sodat wanneer die tyd kom dat ons nie meer die Bybel kan lees nie of die prediking kan hoor nie, ons genoeg voorraad het vir die "wintermaande" van ons lewens.

Die dassie is weerloos. As die gevaar naderkom, kruip hulle in klipskeure weg. Ons bely dat ons teen ons doodsnyande, die duiwel, die wêreld en ons sondige natuur nie opgewasse is nie. Die wyse gelowige neem sy/haar toevlug tot die Here ons rots en ons redding, ons veilige vesting, sodat ons vas en stewig staan (Ps. 62:3).

Sonder 'n leier trek die sprinkaanswerm in goeie orde uit. Hulle werk as geheel baie effektief saam. Ons geloof in God is persoonlik. Maar ons Leier is ons Verlosser, Jesus Christus. Deur sy offer skep Hy gemeenskap met God en met mekaar sodat ons saam met mekaar sal glo en dien. In gemeenskap is elkeen effektief.

Die geitjie kan ons met die die hand vang, en tog kry ons hulle in koninklike paleise. Op die plekke waar ons sou dink hulle nie tuishoort nie. So mag ons dink dat sekere mense nie in God se pragpaleis mag kom nie. Die reg wat ons mag hê om in God se koninklike paleis te mag kom, het Christus vir ons verdien. En word uit genade aan ons geskenk. Leer dat wat ons is, doen en waar ons mag uitkom, alleen genade is.

Sing: Psalm 104-1:8, 9, 20

Ds. CA Jansen (Carel) (Secunda)